


**Bybelstudie 6**

**REISVERSEKERING**

*(nie iets nie maar Iemand!)*

1. **Lesse geleer**
    a. Herinner mekaar aan dit wat julle uit die vorige sessies geleer het.
    b. Watter van die afgelope week se teksgedeeltes (wat jy in jou stiltetyd gelees het) het jy interessant gevind en het jou aangespreek?

2. **Kyk saam as kleingroep na die video van week 6**
    Watter sake uit die video tref julle?

3. **Lees Eksodus 33:12-17**

4. **Deel met mekaar wat julle in hierdie teksgedeeltes tref?**

5. **'n Paar gedagtes oor die teks**

Vanaf *Eksodus 33:12* vind 'n baie interessante gesprek tussen God en Moses plaas. Op hierdie lang reis deur die woestyn, wil Moses darem sekerheid kry oor 'n paar dinge. Dis amper asof hy besig is om reisversekering uit te neem! Hy het 'n opdrag om met die volk te trek, maar verwag dat die Here darem iets of iemand saam met hom moet stuur sodat hy weet die reis gaan voorspoedig wees. Verder wil Moses ook weet wat die Here se wil is, sodat hy Hom kan leer ken en uiteindelik kan doen wat die Here van hom verwag.

En dan vind Moses uit dat God se reisversekering nie te doen het met enige uitgewerkte planne of 'n roetekaart nie. Hy kry ook nie die versekering dat die reis sonder enige teëspoed gaan wees nie. Hy kry egter baie meer, want God se reisversekering is baie meer persoonlik van aard: Hy self is die reisversekering! "Moet Ek self saamgaan en vir jou vrede gee?", is God se antwoord op Moses se vraag *(Eks 33:14).* Dié waarborg geld vandag nog steeds. Waar ons onsself ookal bevind en waarheen ons ookal op reis is, kan ons verseker weet: ons reis saam met God! En die wete gee vir ons vrede; wat meer het ons nodig?

6. **Besprekingsvrae**
    a. As ons verwag dat God ons lewenspad altyd gelyk en voorspoedig moet maak, sê dit waarskynlik iets van hoe ons oor God dink (ons Godsbeeld). Watter soort Godsbeeld lê agter so verwagting?
    b. Die "reisversekering" wat Moses ontvang, is nie iets nie, maar Iemand! Hoe maklik (of moeilik) is dit vir ons om nie ons vertroue te plaas in die dinge wat God vir ons gee nie, maar in God self?

c. Gelowiges is anders omdat ons weet dat ons saam met God op reis is (*Eks 33:16*). Om dié rede behoort ons lewensreis ook anders te lyk. Hoe sou julle die "andersheid" van ons reis beskryf?
d. Wanneer ons saam met God reis, ervaar ons vrede (*Eks 33:14*). Wat dink julle is die betekenis en inhoud van dié vrede?

**7. Watter uitdaging stel hierdie gedeelte aan ons alledaagse lewe?**
*(Onthou om julle gedagtes op Facebook te deel!)*

**8. Gebed en afsluiting**